



Die ADV-vyeboom – nog 'n kans!

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Op Saterdag 25 Januarie is die Kommissie van die Algemene Diakensvergadering se byeenkoms deur diak Andries Pretorius geopen. Hy het Lukas 13: 1-9 gelees en die gelykenis van die vyeboom gebruik om na die werksaamhede van die ADV te kyk.

Een van die beskrywingspunte wat in 2019 voor die 72ste Algemene Kerkvergadering gedien het, het gehandel oor 'n gedeelde strategie tussen die AKV en die ADV. Die beskrywingspunt het ten doel gehad dat die ADV in sy huidige vorm nie meer sou voortbestaan nie, maar dat die diakonaat in die toekoms deel sou uitmaak van die agenda van die AKV. Soos reeds bekend, het die AKV besluit om die ADV in sy huidige formaat te behou. Die ADV-vyeboom is nog 'n kans gegee.

Met die gelykenis van die onvrugbare vyeboom as vertrekpunt is gekyk na die werksaamhede van die ADV. Indien ons in gedagte hou dat die agtergrond van die gelykenis die oproep tot bekering is, is die vraag gevra of die ADV nie moet verander nie. Moet die diakonaat nie nuut dink nie? Maak die ADV as sinodale struktuur 'n verskil, of is die ADV besig om soos die vyeboom die grond uit te put? Voeg die ADV enige waarde toe tot die werksaamhede van die NHKA en die kerk van Jesus Christus, of moes die ADV reeds uitgekap gewees het?

Soos die vyeboom in die wingerd staan, so staan die kinders van die Here en, vir die doeleindes van die gesprek, die ADV, op 'n vreemde plek. 'n Vyeboom in 'n wingerd? Wat maak 'n vyeboom in 'n wingerd? Is daar plek vir 'n vyeboom in 'n wingerd? Alhoewel dit vreemd klink om 'n vyeboom in 'n wingerd te plant, was dit nie ongewoon nie. Die wingerd bied 'n veilige en vrugbare omgewing vir die vyeboom om in te groei. Tog het die vyeboom nie vrugte gedra nie.

Die NHKA is 'n missionale kerk. 'n Kerk wat erns maak met haar roeping om 'n verskil te maak daar waar sy staan. As missionale kerk staan die NHKA soms op vreemde plekke. Die demografiese adres van baie van ons gemeentes het oor die afgelope paar jaar verander. Tot so 'n mate dat ons adres in baie gevalle vreemd geword het. Soos wat die eienaar van die vyeboom vrugte kom soek het aan die boom, so is dit noodsaaklik dat ons ook vrugte moet dra.

As gestuurde van Christus wil die Kommissie van die ADV in 2020 in die voetspore van Christus leiding aan die lidmate van die Hervormde Kerk gee, sodat ons diakonale vrugte kan dra. Om dit te kan doen, moet die grond opnuut en met erns bemes en die vyeboom intensief versorg word. Die Kommissie van die ADV wil elke lidmaat oproep om nuwe aandag te gee aan die diakonale werksaamhede. Ons nooi u uit om saam met die ADV vanjaar 20 treë in die voetspore van Jesus te stap.

Dr Martin Jansen van Rensburg, Delmas

Lief en leed

- Ons innige simpatie gaan aan ds Rue Hopley (Pretoria-Oos) met die afsterwe van haar suster, **Theresa Lategan** (46), na 'n motorfietsongeluk. Die roudiens het die afgelope Maandag in Gemeente Pretoria-Oos plaasgevind. Ons bid die Heer se troos toe vir Theresa se dogter en seun, ds Rue en hul familie.



Ds Lammert van Rooyen

- **Ds Lammert van Rooyen** van Lichtenburg-Oos ondergaan Donderdag 20 Februarie 'n knieervanging. Ons bid hom spoedige en algehele herstel toe.
- **Ds Carusta van der Merwe** het 'n pos by AOSIS Uitgewers in Durbanville, Kaapstad aanvaar, waar sy die nuwe submissie- en eweknie-evalueringsredakteur sal wees. Sy sal voorlopig nog elektronies tot 1 April 2020 beskikbaar wees om navrae rondom die HTK te beantwoord. Ds Van der Merwe bly ook voorlopig verbonde aan Gemeente Noordwestelike Pretoria, hoewel sy beskikbaar sal wees om eredienste in haar nuwe omgewing te lei. Ds Carusta was van Februarie 2012 tot Desember 2019 die publikasiekoördineerder van die *HTS Teologiese Studies / Theological Studies* en van Februarie 2015 tot Februarie 2020 die HTK-assistent. Ons hartlike dank aan haar vir die toegewyde diens by die HTK en die *HTS*, en ons wens haar 'n geseënde en vervulde loopbaan by AOSIS toe.



Ds Carusta van der Merwe

- **Mej Sonet Esterhuizen**, sekretaresse van die ADV, verlaat die Sinodale Dienssentrum op Maandag 24 Februarie. Sy het op 1 Maart 2012 by die ADV diens aanvaar. Mev Elmien Botha vertel só: "Natuurlik gaan ons haar ervaring en vaardighede mis. Natuurlik gaan die ADV haar presiese agendas, notules en ander administratiewe take baie mis. Natuurlik gaan ons haar werkvermoë en pligsgetrouheid moeilik kan vervang, maar wat elke persoon wat met haar saamgewerk het werklik die meeste gaan mis, is haar vriendelike persoonlikheid, behulpsaamheid en vermoë om elke persoon met wie sy in aanraking kom, met respek en liefde te behandel. Sonet, ons wens jou die allerbeste vir die toekoms toe. Ons, by die ADV, glo en vertrou dat hierdie nuwe uitdaging wat jy aanpak net soveel waarde tot die instansie sal toevoeg. Ons glo dat jy die mense met wie jy gaan saamwerk se lewens sal aanraak soos jy ons lewens verryk het." Toekomstige navrae kan gerig word aan ds Gerhard Stoltz (sekretaris van die ADV), by 082 872 5236 of gerhard@diakens.co.za; of diak Andries Pretorius (visevoorsitter van die ADV), by 081 466 8691 of andries@plesion.org.za.



Mej Sonet Esterhuizen

- **Die volgende predikante verjaar tot 28 Februarie, en word hartlik geluk gewens:**

- o Donderdag 20 Februarie: Ds NJ (Nic) Maré (emeritus)
- o Vrydag 21 Februarie: Ds TF (Thomas) Dreyer (Malelane)
- o Sondag 23 Februarie: Prof WC (Wouter) van Wyk (emeritus) en dr EH (Estelle) Dannhauser (siekte-emeritaat)
- o Maandag 24 Februarie: Dr AG (André) Ungerer (HTK) en ds JH (Jan) Prinsloo (emeritus)
- o Dinsdag 25 Februarie: Di H (Hennie) Aucamp (emeritus) en CB (Bernard) Prinsloo (Onverwacht)
- o Woensdag 26 Februarie: Ds M (Monja-Lize) van Belkum (El-Flora)
- o Vrydag 28 Februarie: Di A (Anneline) Geyer (Kempton Park-Oos) en P (Herman) Meyer (beroepafwagting)

- **#hoop vir almal. Voorbidding vir Bybelgenootskappe**

- o **Burundi:** Voorbidding vir die werk aan die Kirundi Studiebybel. Dit is die taal wat deur die meeste inwoners gepraat word.
- o **Kenia:** Bid vir die Here se seën op die vertalingsprojek in Ma'di Noord.
- o **Rwanda** het 'n behoefte aan meerfondse vir projekte met die oog op groter betrokkenheid by die Bybel.
- o **Uganda:** Bid dat God se Woord die harte van die hele bevolking sal bereik.



Gemeentes en bediening



Ds Willem Dykema

- **Ds W (Willem) Dykema** (Bloemfontein) het 'n beroep ontvang na Windhoek. Hy het die beroep aanvaar.
- 'n **Inligtings- en Besprekingsvergadering** vind plaas op **Woensdag 18 Maart** van 09:00 tot 16:00. Die Kommissie van die AKV sal dan belangrike aspekte van hul strategiese beplanning by die afgelope bosberaad met ringskommissies en predikante deel, en met die gesprek oor 'n herindeling van ringe begin. Elke ring word versoek om minstens twee verteenwoordigers na die Inligtings- en Besprekingsvergadering te stuur.



Vergaderings

- Donderdag 20 Februarie: Pensioenvergaderings
Rata Bestuur Werkwinkel
- Vrydag 21 Februarie: Rata 360
Raad van Finansies
- Saterdag 22 Februarie: NHSV Hoofbestuur
- Dinsdag 25 Februarie: TOIBO Dagbestuur
- Woensdag 26 Februarie: Rata Direksie

'n Gedig

Beperking

As ek jou kon deurgrond soos 'n gedig
sal ek beslis 'n vals vokaal ontdek,
'n dowwe woord en 'n lomp ritme vind.

Maar as ek by jou is,
verstomp my analitiese vermoë
en my tong
wat vure uit die hel uit aan kan steek,
verlam; my artikulasie krimp
tot die klanklose uitspreek van jou naam.

Lina Spies

(Uit: *Digby Vergenoeg*, 1971)

Kerklke publikasies



Barmhartigheid

- **Spesiale deurkollekte vir die Diakonale Pleegsorghuise (DPS): 1 Maart.** Hierdie spesiale deurkollekte bied geleentheid vir gemeentes en individuele gelowiges om iets, al is dit klein, te doen om hierdie kinders te help. Daarom rig die Algemene Diakensvergadering 'n versoek aan gemeentes om deel te neem aan die vrywillige deurkollekte op 1 Maart, of op 'n ander gepaste datum. Die bankbesonderhede vir inbetalings is soos volg: Raad van Finansies; ABSA tjekrekening; rekeningnommer 020 000 287; takkode 632005; verwysing 16DPSS + (gemeente)naam.
- Die **ADV se tema vir 2020** is: *20 treë in die voetspore van Jesus*. Die ADV beplan om maandeliks 'n preekskets oor twee van die treë aan die Kerk te stuur. Hou hierdie spasië dop!
- **Tooi Turkoois: 20/20 visie vir ons bejaardes in 2020**
15 Mei – 15 Junie
www.goturquoise.co.za
 - o Vrydag 15 Mei by die Voortrekkermonument, Pretoria
 - o Vrydag 15 Mei by Potgietersrus-dienssentrum
 - o Donderdag 21 Mei by Bolivia Lodge, Pietersburg
 - o Woensdag 27 Mei by Paardekraal-monument, Krugersdorp
 - o Vrydag 29 Mei by Kaapstad Trans-50 Panorama Palms-aftreeoord
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergewone met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakke bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

Toerusting

- **Jeugbediening (aanlynkursus) by UP**
Begin Vrydag 28 Februarie
Kursusleier: Prof Malan Nel
Koste: R2 500
Plek: Aanlyn
Navrae: Hesmarie Bosman, 012 420 4952 / hesmarie.bosman@up.ac.za

- **Jeugbediening (inklusiewe verhoudingsbenadering) by UP**
2020: 23-26 Maart; 22-25 Junie; 14-17 September
2021: 25-29 Januarie; 15-19 Maart
Skripsie: April 2021
 Kursusleier: Prof Malan Nel
 Koste: R7 200 vir vyf intensiewe kontaksessies
 Plek: Westview Metodistekerk, Centurion
 Navrae: Hesmarie Bosman, 012 420 4952 / hesmarie.bosman@up.ac.za
- **Brugbedieningskursus by UP**
Week 1: 27-30 Julie
Week 2: 9-12 November
 Kursusleier: Prof Malan Nel
 Koste: R2 500 (BTW ingesluit)
 Plek: UP
 Kursuspunte: 70
 Navrae: Hesmarie Bosman, 012 420 4952 / hesmarie.bosman@up.ac.za



Fondsinsamelings

- **Gemeente Newlands: Skrikkeljaarbasaar**
Saterdag 29 Februarie 08:30-13:30
 hv Sewende en Watervalstraat, Newlands, Johannesburg
 Musiek-kuierhoekie, springkasteel en kindervermaak
 Tombola, tweedehandse klere
 Ribburgers, vetkoek-en-maalvleis, kerrie-en-rys...
 Pannekoek, poeding, koffie, tee, koeldrank...
 Navrae: Paul 082 461 6706 / Maryka 082 578 3283
- **Gemeente Waterval Boven hou Saterdag 7 Maart hul jaarlikse karp- hengelkompetisie**
 by Milly's se dam, naby Machadodorp. Inskrywingsgeld is R250 per persoon en die eerste prys is R5 000 vir die swaarste karp. Kontakpersoon: Anita Booysse 072 590 1052.
- **Gemeente Sasolburg-Suid: Wind-Ex**
Saterdag 23 Mei
 Gesinspretdag en windbukskompetisie
 Wen besondere mes – kaartjies R30 elk
 Skakel Tobie by 083 327 1500 om deel te neem
 Wenner word aangekondig op dié dag
- **Plesion en Rata Maatskaplike Dienste**
 Wen 'n motor: Datsun Go ter waarde van R154 000
 Koop 'n pakket van 200, 50 of 70 boekies
 Maak wins van 75% of 50%



Hou jou eie kompetisie en trek jou finaliste voor 30 Julie
1 wenner uit elke pakket dring deur na finale sleutelpasgeleentheid
Finale sleutelpas op Rata se DRIVE FOR A CHILD Gholfdag
18 Augustus by Silver Lakes.

Meer inligting: Ds Stephen de Beer (074 658 4630 / gsdebeer@gmail.com)

Diak Andries Pretorius (081 466 8691 / andries@rata.org.za)

Vir uitstallings van die voertuig, kontak diak Andries Pretorius

Allegaartjie

Lastige familieledede dink niks daarvan nie om op 'n familiebyeenkoms enkellopendes te vra: "Wanneer gaan jy nou eendag trou?" Maar niemand stap ooit na getroudes en vra: "Wanneer gaan julle nou eendag skei?" nie. Dis ongeskik. Almal neem bloot aan jy wil en moet getroud wees. (Johannes de Villiers, Beeld 13 Februarie 2020; lees gerus die hele artikel, Wat maak j u gelukkig?)

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word. (Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.) Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na produksie@nhk.co.za. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasinge.

Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

Gebed vir die week

O God van wonders,
ek hef my hande op na U in woordelose verwondering!
U wat die hemelliggame in hul bane hou
en sterstof oor die hemelruim uitstrooi;
U wat ná die reën die reënboog verf
en blitse op die aarde laat dans;
U wat die wolke skud totdat hulle lek
en doudruppels aan grassprietete laat glinster;
U wat donderweer teen die rotse laat vasslaan
en sonstrale deur die mis laat breek;
U wat bloeïesels op geheime plekke laat uitspring
en die seisoene op hul tyd nader wink;
U wat boekhou van die ure van die dag en nag
en die ligblou eiertjies in 'n voëlnessie tel;
U wat die koraalriwwe in die see hul kleur gee
en slapende kraters skielik met vuur kan laat spoeg;
U wat eier- en saadselletjies na mekaar toe lei om lewe te wek;
wat sterwendes self deur die dal van doodskaduwee begelei;
U wat die golwe van die oseane oor die strande van die wêreld laat stroom,
wat die jare aftel tot in ewigheid:
WONDERBAAR is u Naam!
O God van wonders, open my oë
om elke dag, en oral, die bakens van u Lig raak te sien.
Raak my aan, omskep ook my wêreld in 'n wonder.

Jeanette Struchen

(Uit: *Die groot gebedeboek*, Piet Naudé, 2014)